BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Vrydag 17 Februarie 1978 WINDHOEK Friday 17 February 1978 No. 3706

INHOUD: *Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:**

No. AG.6 Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969): Verklaring van Regimentswapens van die Tweede Bataljons van die Kimberley- en die Durban-Ligte Infanterie-Regiment, geleë op die Ongeregistreerde Plaas Titbit 157, naby Swakopmund 1

No. AG.7 Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969): Verklaring van Regimentswapens van die Tweede Bataljon van die Durban-Ligte Infanterie-Regiment en die eerste Bataljon van die Transvaal-Skotse Regiment, geleë op die Ongeregistreerde Plaas Badges 158, naby Swakopmund 2

CONTENTS: *Page*

**GOVERNMENT NOTICES:**

No. AG.6 National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969): Declaration of Regimental Badges of the Second Battalions of the Kimberley and the Durban Light Infantry Regiments, situate on the Unregistered Farm Titbit 157, near Swakopmund 1

No. AG.7 National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969): Declaration of Regimental Badges of the Second Battalion of the Durban Light Infantry Regiment and the First Battalion of the Transvaal Scottish Regiment, situate on the Unregistered Farm Badges 158, Near Swakopmund 2

## Goewermentskennisgewings

Kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 6 1978

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, 1969 (WET 28 VAN 1969): VERKLARING VAN REGIMENTSWAPENS VAN DIE TWEEDE BATALJONS VAN DIE KIMBERLEY- EN DIE DURBAN-LIGTE INFANTERIE-REGIMENT, GELEË OP DIE ONGEREGISTREERDE PLAAS TITBIT 157, NABY SWAKOPMUND

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10(1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek hierby die historiese regimentswapens van die Tweede Bataljons van die Kimberley- en die Durban-Ligte Infanterie-regiment, met 'n sekere stuk opgemete, onvervreemde Staatsgrond daaromheen, geleë op die plaas Titbit 157, naby Swakopmund, Suidwes-Afrika, tot nasionale gedenkwaardigheid.

## Government Notices

Office of
THE ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 6 1978

NATIONAL MONUMENTS ACT, 1969 (ACT 28 OF 1969): DECLARATION OF REGIMENTAL BADGES OF THE SECOND BATTALIONS OF THE KIMBERLEY AND THE DURBAN LIGHT INFANTRY REGIMENTS, SITUATE ON THE UNREGISTERED FARM TITBIT 157, NEAR SWAKOPMUND

Under the powers vested in me by section 10(1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I hereby declare the historic regimental badges of the Second Battalions of the Kimberley and the Durban Light Infantry Regiments, with a certain piece of surveyed unalienated State land around them, situate on the farm Titbit 157, near Swakopmund, South West Africa, to be a national monument.

BESKRYWING

'n Sekere stuk onvervreemde Staatsgrond, met die historiese regimentswapens van die Tweede Bataljons van die Kimberley- en die Durban-Ligte Infanterie-regiment daarop, synde die figuur A B C D, wat 'n oppervlakte voorstel van 2 034 vierkante meter op die plaas Titbit 157, Registrasie-afdeling G, Suidwes-Afrika, soos aangetoon op Kaart A.649/76, geliasseer by die kantoor van die Landmeter-generaal, Windhoek.

HISTORIESE BELANG

Die regimentswapens is in Mei 1915 deur eenhede van die Tweede Bataljons van die Kimberley- en die Durban-Ligte Infanterie-regiment in klip uitgelê terwyl hulle die spoorlyn tussen Swakopmund en Usakos teen moontlike sabotasie deur Duitsers bewaak het.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal Windhoek, 10 Februarie 1978

DESCRIPTION

A certain piece of unalienated State land, with the historic regimental badges of the Second Battalions of the Kimberley and the Durban Light Infantry Regiments thereon, being the figure A B C D, which represents an area of 2 034 square metres on the farm Titbit 157, Registration Division G, South West Africa, as shown on Diagram A. 649/76, filed at the office of the Surveyor-General, Windhoek.

HISTORICAL INTEREST

The regimental badges were laid out in stone in May, 1915, by units of the Second Battalions of the Kimberley and the Durban Light Infantry Regiments while they were guarding the railway line between Swakopmund and Usakos against possible German sabotage.

M. T. STEYN
Administrator-General Windhoek, 10 February 1978

---

No. AG. 7 1978

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, 1969 (WET 28 VAN 1969 (WET 28 VAN 1969): VERKLARING VAN REGIMENTSWAPENS VAN DIE TWEEDE BATALJON VAN DIE DURBAN-LIGTE INFANTERIE-REGIMENT EN DIE EERSTE BATALJON VAN DIE TRANSVAAL-SKOTSE REGIMENT, GELEË OP DIE ONGEREGISTREERDE PLAAS BADGES 158, NABY SWAKOPMUND

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10(1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek hierby die historiese regimentswapens van die Tweede Bataljon van die Durban-Ligte Infanterie-regiment en die Eerste Bataljon van die Transvaal-Skotse Regiment, met 'n sekere stuk opgemete, onvervreemde Staatsgrond daaromheen, geleë op die plaas Badges 158, naby Swakopmund, Suidwes-Afrika, tot nasionale gedenkwaardigheid.

BESKRYWING

'n Sekere stuk onvervreemde Staatsgrond, met die historiese regimentswapens van die Tweede Bataljon van die Durban-Ligte Infanterie-regiment en die Eerste Bataljon van die Transvaal-Skotse Regiment daarop, synde die figuur A B C D, wat 'n oppervlakte voorstel van 2 899 vierkante meter op die plaas Badges 158, Registrasie-afdeling G, Suidwes-Afrika, soos aangetoon op Kaart A.650/76, geliasseer by die kantoor van die Landmeter-generaal, Windhoek.

No. AG.7 1978

NATIONAL MONUMENTS ACT, 1969 (ACT 28 OF 1969): DECLARATION OF REGIMENTAL BADGES OF THE SECOND BATTALION OF THE DURBAN LIGHT INFANTRY REGIMENT AND THE FIRST BATTALION OF THE TRANSVAAL SCOTTISH REGIMENT, SITUATE ON THE UNREGISTERED FARM BADGES 158, NEAR SWAKOPMUND

Under the powers vested in me by section 10(1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I hereby declare the historic regimental badges of the Second Battalion of the Durban Light Infantry Regiment and the First Battalion of the Transvaal Scottish Regiment, with a certain piece of surveyed unalienated State land around them, situate on the farm Badges 158, near Swakopmund, South West Africa, to be a national monument.

DESCRIPTION

A certain piece of unalienated State land, with the historic regimental badges of the Second Battalion of the Durban Light Infantry Regiment and the First Battalion of the Transvaal Scottish Regiment thereon, being the figure A B C D, which represents an area of 2 899 square metres on the farm Badges 158, Registration Division G, South West Africa, as shown on Diagram A.650/76, filed at the office of the Surveyor-General, Windhoek.

## HISTORIESE BELANG

Die regimentswapens is in Mei 1915 deur eenhede van die Tweede Bataljon van die Durban-Ligte Infanterie-regiment en die Eerste Bataljon van die Transvaal-Skotse Regiment in klip uitgelê terwyl hulle die spoorlyn tussen Swakopmund en Usakos teen moontlike sabotasie deur Duitsers bewaak het.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal Windhoek, 10 Februarie 1978

## HISTORICAL INTEREST

The regimental badges were laid out in stone in May, 1915, by units of the Second Battalion of the Durban Light Infantry Regiment and the First Battalion of the Transvaal Scottish Regiment while they were guarding the railway line between Swakopmund and Usakos against possible German sabotage.

M. T. STEYN
Administrator-General Windhoek, 10 February 1978

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.